JOU SAKGIDS VIR:

# DIE DISSIPLINÊRE KODE VIR STUDENTE

Die Dissiplinêre Kode vir Studente verduidelik wat onaanvaarbare gedrag is, hoe dit aangespreek word en deur wie. Die Kode verseker dat ons die korrekte prosedure in elke geval volg en dat ons billik teenoor almal optree.

Hierdie is nie die Kode nie. Dit is jou sakgids wat jou wys wat om van die Kode te verwag.

Vind die volledige Kode **hier.**



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# ONS MEET ALLES AAN ONS WAARDES




*Die Universiteit word aangedryf deur 'n stel waardes wat ons help om op ons visie te fokus en om 'n omgewing te skep waarbinne jy en al ons studente en personeel akademies en sosiaal kan ontwikkel.*

Ons gedrag en die gedrag wat ons van jou verwag, moet altyd aan hierdie waardes gemeet word:

1. Ons streef na **uitnemendheid**
2. Ons is saam verantwoordelik om die **Universiteit se visie te bereik**
3. Ons **respekteer** ander, onsself en ons omgewing
4. Ons streef om nuut en anders **te dink en op te tree** wat tot beter keuses en besluite vir almal lei
5. Ons strewe om **nederig, verantwoordbare** en **deernisvolle** leiers te wees wat werk vir die welwees van die mens en die wêreld

Die dissiplinêre kode vir studente is daar om alle personeel en studente te beskerm en om te verseker dat almal billik behandel word indien iets skeef loop – ongeag of iets met jou gebeur het,  en of jy die een is teen wie aantuigings gemaak word.

# ELKE SPEL HET REËLS. HIER IS ONS S'N.



Die Universiteit het baie verskillende reëls wat op verskillende plekke gepubliseer is. Dink net aan die reëls wat geld in 'n studentehuis, om by 'n sportspan aan te sluit of wat geld vir eksamenprosedures (soos die reëls wat in Deel 1: Algemeen van die Jaarboek gepubliseer is). Jy moet seker maak dat jy bekend is met al die reëls wat op jou van toepassing is en jy moet daarby hou. Dit is daar om jou te beskerm en om te verseker dat jy 'n onvergeetlike universiteitservaring het.

**Hier is sommige van die reëls wat ons wil uitlig:**

## GEDRA JOU ASOF JOU MA JOU DOPHOU

(Ons weet sy's nou op 'die Facebook'!)

- Behandel jouself en ander met respek en waardigheid. Ons kan geen vorm van diskriminasie of afknouery toelaat nie.
- As 'n personeellid jou 'n redelike instruksie gee, doen dit.
- Moenie die werking van die Universiteit ontwrig nie.

## WEES EERLIK IN JOU AKADEMIESE WERK

- Aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit van jou eie werk en respekteer die assesseringsproses.

## KEN DIE PERKE EN RESPEKTEER DIT

- Moet nooit op 'n seksueel onvanpaste manier optree, of iemand teister, dwing of gewelddadig teenoor 'n ander persoon optree nie – ongeag wie hulle is of waar jy is.
- Al wat ons hier oor onwettige middels gaan sê is: Moenie. Dis al.
- Moenie alkohol op kampus koop of verkoop sonder toestemming nie.

## KRY TOESTEMMING OM 'N GELEENTHEID OF 'N BYEENKOMS OP UNIVERSITEITSKAMPUS TE REËL OF OM PAMFLETTE OF PLAKKATE TE VERSPREI

- As jy 'n geleentheid of 'n byeenkoms wil reël of daaraan wil deelneem, het jy toestemming nodig.
- Jy moet aan die goedkeurings-voorwaardes voldoen.
- Jy mag niemand dwing om aan 'n geleentheid of 'n byeenkoms deel te neem of nie deel te neem nie.
- Tydens die geleentheid of byeenkoms mag jy niemand anders toegang na enige deel van die Kampus weier nie.

## PASOP VIR SOSIALE MEDIA

- Berigte op sosiale media kan jou in die verleentheid bring, maar dit kan ook die Universiteit in ernstige moeilikheid laat beland. Miskien is dit tweeuur in die oggend snaaks, maar kom daglig, kan jy dalk spyt wees.

# VIR WIE MOET JY BEL?



*In die Kode sal jy sien watter departement of persoon verantwoordelik is vir die hantering van watter tipe dissiplinêre aangeleentheid. Al wat jy nou moet weet is na wie jy kan gaan om iets te rapporteer. Hier is 'n lys:*

**Akademiese wangedrag:** Die Departementshoof

**Iets wat in jou koshuis gebeur het:** Inwonende Hoof

**Iets wat na-ure gebeur het:** Kampussekuriteit **021 808 2333**

**Seksuele teistering of diskriminasie:** Eenheid vir Gelykwaardigheid **021 808 4707**

**Onseker vir wie om te bel?** Bel die kantoor van Studentedissipline **021 808 2876**

As jy sien iemand oortree die reëls of as jy weet hulle beplan om amok te maak deur byvoorbeeld iemand anders te benadeel, of die Universiteit se werking te ontwrig, moet jy ons laat weet. Jy kan dit anoniem aanmeld deur 'n e-pos te stuur aan **studentdiscipline@sun.ac.za**.

# WAT OM VAN DISSIPLINÊRE PROSEDURES TE VERWAG

*Hoofstuk 4 van die Kode behandel dissiplinêre prosedures in detail, van die oomblik dat iets aangemeld is tot die finale gevolge van wangedrag. Al wat jy nou hoef te weet is dat, indien jy ooit deel is van ’n dissiplinêre proses, ons jou vanuit die staanspoor deur die proses sal bystaan.*



Nou stel jy seker net belang in die tipe gevolge waarvan ons praat? Afhangende van hoe ernstig die situasie is, maak die Kode voorsiening vir:

- **Skorsing**
- **Tydelike skorsing uit die Universiteit of Koshuis**
- **’n Boete**
- **’n Skriftelike waarskuwing**
- **Die bekendmaking op Kampus van die oortreding en die student se naam**
- **’n Gepaste herstellende, rehabiliterende opdrag, soos gemeenskapsdiens, of**
- **Enige kombinasie van bogenoemde**

Indien jy ooit betrokke is in ’n dissiplinêre aangeleentheid, onthou asseblief ons is hier om jou te help. Ons wil nie hê dat hierdie oordeelsfout jou lewe moet verwoes nie – ons wil jou help om daaruit te leer.